Publication: Rapport (Kaap), Eiendomme & Veilings
Date: Sunday, January 27, 2019
Page: 5

# Familietrusts – kool dalk nie sous werd

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Ek sien 'n ding kom met familietrusts wat nog tot groot finansiële ellende vir baie mense gaan lei. En die drywer daaragter is ons ou vriend Jan Taks.

Familietrusts het oor die jare, veral hier van 1994 af, baie gewild geword. En nie altyd om die regte redes nie. Dit was na my mening meer as gevolg van ywerige trust-smouse se belasting-twak as wat dit gegaan het om die beskerming van bates ten gunste van derde partye, die een werklike doel met 'n trust.

Ek het al voorheen hier gewys op die risiko's met trusts, in so 'n mate dat ek 'n "naam" gekry het as iemand wat "nie in trusts glo nie". Dis nie waar nie.

'n Trust is 'n stuk gereedskap.

Gebruik hom vir sy doel, dan is dit 'n goeie instrument. Anders is dit net 'n pyn in die jy weet waar.

Of op sy ergste, teëspoed wat wag.

Jan Taks het sy mes al geruime tyd in vir belastingspeletjies met trusts. Ons sien dit in die hoër koerse waarteen trusts belas word. Maar wat min mense klaarblyklik weet, is dat daar 'n verpligting op trusts rus om jaarliks 'n belastingopgawe in te dien. Dit geld alle trusts, of die trust inkomste verdien het of nie. Selfs sogenaamde dormante trusts is onderhewig hieraan.

'n Trust is 'n "persoon" vir belastingdoeleindes en daar moet jaarliks 'n ITR12T-vorm voltooi word wat onder meer die trustees se besonderhede, asook bankbesonderhede van die trust, insluit.

Die een of ander tyd gaan Jan Taks toeslaan op diegene wat dit nie gedoen het nie.

En dit is wat my die vraag laat vra of die trust-kool altyd die sous werd is.

Ja, vir dié wat nie weet nie, 'n trust moet 'n bankrekening ook hê. Of hy nou geld in die bank het of nie. Of hy nou inkomste verdien of nie.

So, hier kyk ons nou al klaar na bykomende bankkoste en die beslommernis om jaarliks belastingopgawes in te dien.

Trouens, nie een keer 'n jaar soos in die geval van die meeste mense nie, maar drie keer, want 'n trust is 'n voorlopige belastingbetaler.

Dit sal interessant wees om te weet hoeveel trusts bestaan wat spesifiek geskep is net om 'n woonhuis of strandhuis in te hou, maar geen inkomste verdien nie. Of trusts wat geskep is om jou bates aan te bemaak in jou testament – 'n leë dop wat lê en wag vir jou om dood te gaan.

Ek skat daar is etlike duisende sulke trusts. Ek kom kort-kort by kliënte wat vir my sê hulle het 'n trust, maar hulle weet nie hoekom nie. Stryk dit uit vóór jy beboet word omdat jy nie belastingopgawes ingedien het nie.

Ek het dié week met kollegas hieroor gesels en ons was dit eens dat dit dalk 'n goeie idee sal wees as daar 'n belastingamnestie kan kom waartydens mense die kans gegun word om sulke trusts te beëindig. En waar daar vaste bates in die trust is, om dalk sonder kapitaalwinsbelasting of hereregte die bates uit die trust te haal.

Maar vir eers stel ek voor jy kry die trust se belastingsake in orde.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.